G68G
8.559

GOVT PUBL
15 JUL 1991
UCT LIBRARIES

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)

Local **80c** Plaaslik
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 313

CAPE TOWN, 5 JULY 1991

KAAPSTAD, 5 JULIE 1991

No. 13355

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1504. 5 July 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 109 of 1991: Promotion of Local Government Affairs Amendment Act, 1991

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1504. 5 Julie 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 109 van 1991: Wysigingswet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1991

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983, so as to emend certain definitions; to authorize a local authority to form a company and acquire shares in a company; and to provide that a local authority may transfer or second its officers or employees to or place their services at the disposal of a company; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 27 June 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 91 of 1983, as amended by section 1 of Act 45 of 1985, section 1 of Act 110 of 1985, section 6 of Act 43 of 1988, section 1 of Act 82 of 1988 and section 23 of Act 103 of 1988**

**1.** Section 1 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "Department" of the following definition:

" 'Department' means the Department of **[Constitutional Development and]** Planning, Provincial Affairs and National Housing;";

*(b)* by the substitution for the definition of "Director-General" of the following definition:

" 'Director-General' means the Director-General: **[Constitutional Development and]** Planning, Provincial Affairs and National Housing;"; and

*(c)* by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

" 'Minister' means the Minister of **[Constitutional Development and]** Planning, Provincial Affairs and National Housing;".

**Insertion of sections 17D and 17E in Act 91 of 1983**

**2.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 17C:

**"Local authority may form company and acquire shares therein**

**17D.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, a local authority, or two or more local authorities acting jointly, may—

*(a)* form, register and promote a company as contemplated in the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973); and

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983, ten einde sekere omskrywings te verbeter; 'n plaaslike owerheid te magtig om 'n maatskappy op te rig en aandele in 'n maatskappy te verkry; en voorsiening te maak dat 'n plaaslike owerheid sy beamptes of werknemers kan oorplaas na of afstaan aan of hul dienste tot die beskikking kan stel van 'n maatskappy; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 91 van 1983, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 45 van 1985, artikel 1 van Wet 110 van 1985, artikel 6 van Wet 43 van 1988, artikel 1 van Wet 82 van 1988 en artikel 23 van Wet 103 van 1988**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "Departement" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Departement' die Departement van **[Staatkundige Ontwikkeling en]** Beplanning, Provinsiale Sake en Nasionale Behuising;";

*(b)* deur die omskrywing van "Direkteur-generaal" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: **[Staatkundige Ontwikkeling en]** Beplanning, Provinsiale Sake en Nasionale Behuising;"; en

*(c)* deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Minister' die Minister van **[Staatkundige Ontwikkeling en]** Beplanning, Provinsiale Sake en Nasionale Behuising;".

**Invoeging van artikels 17D en 17E in Wet 91 van 1983**

**2.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 17C ingevoeg:

**"Plaaslike owerheid kan maatskappy oprig en aandele daarin verkry**

**17D.** (1) Ondanks die bepalings van die een of ander wet kan 'n plaaslike owerheid, of twee of meer plaaslike owerhede wat gesamentlik optree—

*(a)* 'n maatskappy soos beoog in die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), oprig, registreer en bevorder; en

*(b)* acquire and hold shares in a company as contemplated in the Companies Act, 1973:

Provided that the main object or one of the objects of such company shall be the performance of a function or the rendering of a service which is substantially the same as a function or service which a local authority may legally perform or render.

(2) The memorandum of a company in which shares are held by a local authority in terms of subsection (1) shall provide that such local authority shall systematically reduce its shareholding in the company in accordance with a programme contained in the memorandum.

(3) *(a)* A local authority or two or more local authorities contemplated in subsection (1), shall be represented on the board of directors of a company contemplated in the said subsection by a member, officer or employee of that local authority, and in the case of two or more such local authorities they shall be represented jointly by a member, officer or employee of one of those local authorities or by any other person on whom such local authorities may agree.

*(b)* Where there is a management body within the area of jurisdiction of a local authority, or where there is more than one management body within the areas of jurisdiction of two or more such local authorities acting jointly, such management body or management bodies, as the case may be, shall be represented on the board of directors of the company contemplated in subsection (1) by a member of such management body or in the case where there is more than one management body, by a member of one of those management bodies on whom they may agree.

(4) A local authority shall act in terms of paragraph *(a)* or *(b)* of subsection (1) only with the concurrence of any management body within its area of jurisdiction.

(5) Where a local authority is required by law to perform a function or render a service and it is a shareholder in a company contemplated in subsection (1) which undertakes to perform or render such function or service on behalf of that local authority, the memorandum of such company shall irrevocably grant to that local authority a determining vote which may be exercised to prevent the discontinuation of such function or service by the company, unless that local authority elects to guarantee or resume the performance or the rendering of such function or service.

(6) For the purposes of this section "management body" means a committee referred to in section 17(1).

**Local authority may transfer or second officer or employee to or place his services at the disposal of company**

**17E.** A local authority may, with effect from a date determined by such local authority, with the consent of the officer or employee concerned, transfer or second any of its officers or employees to or place his services at the disposal of any company referred to in section 17D: Provided that in the event of a transfer such officer or employee shall be employed by the company concerned on such terms and enjoy such rights and privileges as are not less favourable than those applicable to him at the time of such transfer.".

**Substitution of long title of Act 91 of 1983, as substituted by section 25 of Act 32 of 1987**

**3.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

*(b)* aandele in 'n maatskappy soos beoog in die Maatskappywet, 1973, verkry en hou:

Met dien verstande dat die hoofdoelstelling of een van die doelstellings van sodanige maatskappy die verrigting van 'n funksie of die lewering van 'n diens moet wees wat wesenlik dieselfde is as 'n funksie of diens wat 'n plaaslike owerheid regtens kan verrig of lewer.

(2) Die statute van 'n maatskappy waarin aandele deur 'n plaaslike owerheid ingevolge subartikel (1) gehou word, moet bepaal dat daardie plaaslike owerheid sy aandeelhouding in die maatskappy stelselmatig moet verminder volgens 'n program in die statute vervat.

(3) *(a)* 'n Plaaslike owerheid of twee of meer plaaslike owerhede in subartikel (1) beoog, word in die direksie van 'n maatskappy in genoemde subartikel beoog, verteenwoordig deur 'n lid, beampte of werknemer van daardie plaaslike owerheid, en in die geval van twee of meer sulke plaaslike owerhede word hulle gesamentlik verteenwoordig deur 'n lid, beampte of werknemer van een van daardie plaaslike owerhede of deur 'n ander persoon oor wie daardie plaaslike owerhede ooreenkom.

*(b)* Waar daar 'n bestuursliggaam binne die regsgebied van so 'n plaaslike owerheid bestaan, of waar daar meer as een bestuursliggaam bestaan binne die regsgebiede van twee of meer sulke plaaslike owerhede wat gesamentlik optree, word daardie bestuursliggaam of bestuursliggame, na gelang van die geval, in die direksie van die maatskappy in subartikel (1) beoog, verteenwoordig deur 'n lid van daardie bestuursliggaam of in die geval waar daar meer as een bestuursliggaam bestaan, deur 'n lid van een van daardie bestuursliggame oor wie hulle ooreenkom.

(4) 'n Plaaslike owerheid tree ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* van subartikel (1) op, slegs met die instemming van elke bestuursliggaam binne sy regsgebied.

(5) Waar 'n plaaslike owerheid regtens verplig is om 'n funksie te verrig of 'n diens te lewer en hy 'n aandeelhouer is in 'n maatskappy in subartikel (1) beoog wat onderneem om sodanige funksie of diens namens daardie plaaslike owerheid te verrig of te lewer, moet die statute van sodanige maatskappy onherroeplik aan daardie plaaslike owerheid 'n beslissende stem verleen wat uitgeoefen kan word om enige beëindiging deur die maatskappy van sodanige funksie of diens te verhoed, tensy daardie plaaslike owerheid verkies om die verrigting of lewering van sodanige funksie of diens te waarborg of te hervat.

(6) By die toepassing van hierdie artikel beteken "bestuursliggaam" 'n komitee bedoel in artikel 17(1).

**Plaaslike owerheid kan beampte of werknemer oorplaas na of afstaan aan of sy dienste tot die beskikking stel van maatskappy**

**17E.** 'n Plaaslike owerheid kan met ingang van 'n datum wat die plaaslike owerheid bepaal, enige van sy beamptes of werknemers, met sy instemming, oorplaas na of afstaan aan of sy dienste tot die beskikking stel van 'n maatskappy in artikel 17D bedoel: Met dien verstande dat in die geval van 'n oorplasing so 'n beampte of werknemer deur die betrokke maatskappy op voorwaardes in diens geneem word en regte en voorregte geniet wat nie minder gunstig is nie as die regte en voorregte wat ten tyde van sodanige oorplasing op hom van toepassing was.".

**Vervanging van lang titel van Wet 91 van 1983, soos vervang deur artikel 25 van Wet 32 van 1987**

**3.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"ACT

To make provision for the co-ordination of functions of general interest to local authorities and of those functions of local authorities which should in the national interest be co-ordinated; the establishment of a co-ordinating council for that purpose; the establishment of committees in order to assist the co-ordinating council in the performance of its functions; the establishment of an action committee of the co-ordinating council; the establishment of a demarcation board in respect of certain areas; the establishment of an executive committee of the demarcation board; the establishment of committees to hold enquiries for the demarcation board; the rendering of development aid to local authorities; the establishment of municipal development boards for that purpose; the designation of persons or institutions for purposes of membership of the co-ordinating council; the improvement of communication between certain committees and local authorities relating to certain matters; the exercise of certain powers by the Administrator in accordance with directives determined by the Minister; the extension of the functions of the said committees; and the assignment of functions by local authorities; to empower a local authority to form a company and to acquire shares therein; and to provide that a local authority may transfer or second any of its officers or employees to or place his services at the disposal of a company; and to provide for incidental matters.".

**Short title**

**4.** This Act shall be called the Promotion of Local Government Affairs Amendment Act, 1991.

"WET

Om voorsiening te maak vir die koördinering van werksaamhede wat van algemene belang vir plaaslike owerhede is en van daardie werksaamhede van plaaslike owerhede wat in die nasionale belang gekoördineer behoort te word; die instelling van 'n koördinerende raad vir daardie doel; die instelling van komitees om die koördinerende raad by die verrigting van sy werksaamhede by te staan; die instelling van 'n aksiekomitee van die koördinerende raad; die instelling van 'n afbakeningsraad ten opsigte van sekere gebiede; die instelling van 'n uitvoerende komitee van die afbakeningsraad; die instelling van komitees om sekere ondersoeke namens die afbakeningsraad in te stel; die verlening van ontwikkelingshulp aan plaaslike owerhede; die instelling van munisipale ontwikkelingsrade vir daardie doel; die aanwysing van persone of instellings vir doeleindes van lidmaatskap van die koördinerende raad; die verbetering van kommunikasie tussen sekere komitees en plaaslike owerhede betreffende sekere aangeleenthede; die uitoefening van sekere bevoegdhede deur die Administrateur ooreenkomstig voorskrifte deur die Minister bepaal; die uitbreiding van die werksaamhede van genoemde komitees; en die opdrag van werksaamhede deur plaaslike owerhede; aan 'n plaaslike owerheid die bevoegdheid te verleen om 'n maatskappy op te rig en aandele daarin te verkry; en voorsiening te maak dat 'n plaaslike owerheid enige van sy beamptes of werknemers kan oorplaas na of afstaan aan of sy dienste tot die beskikking kan stel van 'n maatskappy; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.".

**Kort titel**

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1991.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300